# MUNGA 2025 – JOU REIS, JOU VERHAAL

Enkele sekondes voor die skoot geklap het vir die einde van die Munga 2025, het Sylvia du Raan met haar bergfiets oor die eindstreep by die Doolhof-wynlandgoed in Wellington gery. Twintig treë voor die einde is sy inderhaas deur toeskouers opgehelp toe sy weens uitputting omgeval het.

Sy het Maandag die laaste deelnemer geword wat die moordende Munga-uithouwedren van Bloemfontein na Wellington voltooi het. Haar stryd om die wedren van 1148km binne die toegelate vyf dae (120 uur) te voltooi versinnebeeld die wese van die Munga – een van die taaiste uithouwedrenne ter wêreld met die leuse: Jou reis, jou verhaal.

Du Raan het die Munga hierdie jaar gery danksy 'n borgskap van Craig Schoneheuvel se ma. Schoneheuvel is in 2009 op die ouderdom van 28 jaar aan neurofibromatose ('n uiters pynlike aangebore senuweesiekte) oorlede, en die bekroonde joernalis, Marianne Thamm, het in 2013 'n boek gepubliseer oor sy stryd om waardig te sterf (*The last right*). Schoneheuvel het oor die TV-program Toks 'n Tjops gehoor van die Munga en spesifiek van die *They ride along*-inisiatief van mense wat die wedren ry ter herinnering aan geliefdes wat oorlede is. Sy het toe met die organiseerder, Jacques Swart (alias Jack Black) kontak gemaak en aangebied om die inskrywingsgeld te betaal vir iemand wat die wedren ter herinnering aan Craig sal ry. So het Du Raan 'n derde keer vir die wedren ingeskryf.

By die halfpadmerk is 'n bord opgerig ter herinnering aan geliefdes, en hier kon deelnemers 'n slot met die naam van die geliefde ophang. Du Raan het drie slotte opgehang – ter herinnering aan Craig Schoneheuvel, haar oom Abel Coetzee en haar afrigter Jaco Ferreira wat albei in Oktober oorlede is

Daar was 167 individuele bergfietsryers wat hierdie jaar vir die elfde Munga ingeskryf het en uiteindelik kon net 130 van hulle die wedren suksesvol voltooi. Daar is ook 'n afdeling vir spanne (benoem met die Franse woord vir 'n span, *Équipe*) en in 2025 het 'n rekordgetal van 10 spanne aan die wedren deelgeneem. Bekende sportmanne soos Jannie du Plessis, Bakkies Botha en Gary Kirsten het saam getrap.

Die wegspring het stiptelik om 12h00 op 26 November by die Windmill Casino in Bloemfontein plaasgevind, waarna die deelnemers elkeen self op hulle eie tempo die roete moes volg. Ook dít is geen maklike saak nie, want deelnemers moes die roete vooraf op hulle fietsrekenaartjies aflaai en self die aanwysings van punt tot punt volg. Maar die *Garmin* se aanwysings is nie altyd ondubbelsinnig nie en deelnemers moes dikwels in obskure veldpaaie indraai en deur plaashekke ry. Menige ryer het iewers die spoor verloor en moes dan eers die pad na die verkeerde afdraai terugry voordat hy weer die rit na die volgende bestemming kon voortsit.

Daar was vyf wedrendorpe en tien waterpunte langs die roete waar die ryers kon eet, kos- en watervoorrade kon aanvul, kon rus en ook slaap. Veral die soloryers moes met die minimum slaap klaarkom, en almal moes bedags temperature van meer as 50°C en snags so min as 4°C trotseer, met sterk wind, stofstorms, reën en haelbuie onderweg. Talle ryers het iewers

langs die pad op klippe of dik sand geval, sommige het gedehidreer en ander moes weens blote uitputting tou opgooi.

Elke ryer en elke span is deur hul eie verhaal gemotiveer. Die Toks 'n Tjops-span het die wedren gery ter herinnering aan geliefdes wat hulle verloor het. Die Nashua Care Riders van Middelburg (Mpumalanga) het drie spanne ingeskryf om fondse in te samel vir 'n plaaslike kinderhuis, en die span van Worcester Primary School het ten bate van hul skool getrap.

Rata Maatskaplike Dienste is verteenwoordig deur 'n span van vyf lede en twee soloryers, en het die wedren gery om fondse in te samel vir hierdie organisasie vir kinders wat teen gesinsgeweld en misbruik beskerm moet word. Rata se werk word in gevaar gestel deur onbetroubare subsidies van die regering wat gereeld praat oor geweld teen vroue en kinders, maar juis hierdie weerlose mense in die steek laat wanneer die professionele mense wat hulle moet bystaan, vergoed moet word. Daarom het drie predikante van die Hervormde Kerk en vier lidmate die wedren aangepak om mense bewus te maak van die nood en donateurs te vind wat bereid sal wees om hierdie onmisbare werk te ondersteun (https://plesion.org.za/rideforachild/).

Soos in Sylvia du Raan se geval het elke individu en elke span sy eie stryd gehad om die wedren te voltooi. Du Raan en Riaan Loots van Rata was die laaste dag of wat in 'n titaniese stryd gewikkel om eenvoudig aan te hou ry – deur die nag en deur die snikhete Tankwa met 'n stormsterk wind reg van voor. Bo-op die Bainskloofpas, met die eindstreep binne sig en slegs 'n uur oor om die wedren te voltooi, het hulle weens moegheid in mekaar vasgery en geval. Loots het uiteindelik die wedren voltooi met ongeveer 20 minute oor voor die spertyd, terwyl Du Raan te moeg was om die gevaarlike afdraande op die laaste 7km grondpad te ry en dit eerder met haar fiets afgehardloop het om oomblikke voor die spertyd oor die streep te strompel.

Organiseerder Jacques Swart het Du Raan omhels en aan haar die T-hemp vir die *Lanterne rouge* oorhandig – die laaste deelnemer wat die wedren suksesvol binne die toegelate tyd voltooi het. Die reis behels veel meer as 'n uitmergelende tog deur die Karoo. Dit is uiteindelik 'n deurtastende verkenning van jou diepste wese, jou lewenswaardes en jou motivering – jou reis, jou verhaal.

Wouter van Wyk

Dr Wouter van Wyk is 'n predikant in sinodale diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en was lid van die span wat ten bate van Rata Maatskaplike Dienste aan die Munga 2025 deelgeneem het.